

Maandag 10 Februarie

Skrifgedeelte: Daniël 2:17-23

Fokusgedeelte: Daniël 2:21

Jesus Christus, die Heerser oor die Konings van die aarde

Waaroor droom jy? Meestal hou ons drome verband met die toekoms. Jy droom oor jou ideale en dit wat jy graag wil bereik. In Daniël 2 gaan dit ook oor 'n droom, eintlik oor 'n nagmerrie. Koning Nebukadnesar, die tiran en diktator van die tyd, het gedroom en deur die droom was sy gees ontsteld en sy slaap daarmee heen (vs 1). Sy reaksie hierop is skrikwekkend: *“As julle nie aan my die droom en sy uitleg bekend kan maak nie, sal julle ledemate afgekap word, en van julle huise sal vullishope gemaak word”* (vs 5).

God maak die droom aan Daniël bekend. Hy kan vir Nebukadnesar gaan vertel oor sy droom van die groot beeld. Die beeld met 'n kop van die beste goud, sy bors en arms van silwer, sy maag en heupe van koper, sy bene van yster, sy voete deels van yster en deels van klei (vs 32-33). Maar voordat Daniël dit doen, loof en prys hy die Here: *“Mag die Naam van God van ewigheid tot ewigheid geprys word.”* Daniël word klein voor die Here. Hy sien hoe God aan die werk is. In vers 21 getuig hy: *“Hy tog verander die tye en die geleenthede; Hy sit konings af en stel konings aan; Hy verleen wysheid aan die wyse manne en kennis aan die wat insig het.”*

In die beeld word duidelik gemaak: Nebukadnesar se koninkryk is tydelik. Na hom sal daar ander koninkryke kom. Hulle sal net so tydelik wees, want elke ryk moet plek maak vir die koninkryk wat kom. Die steen wat teen die berg afrol. So word die Christus wat nog moet kom, aan Nebukadnesar verkondig. Die menslike moet plek maak vir die hemelse. Vanuit die hemel kom daar 'n nuwe ryk op die aarde. As Christene ken ons hierdie ryk. Dit is die koninkryk van Jesus Christus. Die toekoms behoort aan Hom! Hy is die steen, die hoeksteen van sy ryk. Dit is Hy waarop die ewige ryk gebou word. As die wêreld met al sy politiek en oorloë keer op keer op sy kop staan, mag ons weet dat ons aan die ryk van die ware Koning behoort.

Sing: Psalm 118-1:11

Ds. GP (Gerben) Meijer (Waterkloofrand)